www.xtrapapers.com

Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2022**

TRANSCRIPT **Approximately 35-45 minutes**

This document has **8** pages.

© UCLES 2022

www.xtrapapers.com



TRACK 1

**E** Cambridge Assessment International Education
Cambridge IGCSE
November 2022 examination in Afrikaans as a Second Language
Paper 2 Listening

Turn over now.

PAUSE 00’05’’

TRACK 2

SIGNAL

**M** **Oefening 1**

Riana praat oor die sandbeelde wat sy skep.

Beantwoord die vrae deur ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die praatjie twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**V** Ek het in Johannesburg grootgeword. In die kleuterskool was ek die eerste dogtertjie in die sandput en die laaste een uit. Ons het toe ek ’n kind was byna elke Desembervakansie Kaapstad toe gekom. As ons hier aankom, het ek my tasse neergegooi, vir my ma en pa totsiens gesê en see toe gegaan.

Eendag, seker so 20 jaar gelede, sit ek op die strand. Ek het ’n roomysstokkie gevat wat op die strand gelê het en daarmee ’n piramide gemaak. So het my passie begin. Ek het daarna elke dag strand toe gegaan en myself geleer om sandbeelde te maak. Ek het nie eers geweet dat dié kuns werklik bestaan nie en ek het ook nie internet gehad om iets te Google nie.

Behalwe die sand en water gebruik ek paletmesse en ’n graaf. Almal sê ek sit gom of sement binne-in, maar dis nie waar nie. My sandbeelde het keer op keer inmekaargeval toe ek daarmee begin het. Maar jy leer sand ken. Ek het die manier hoe die sand val, begin verstaan en hoe om sand te sny. Jy kan nie aan die onderkant begin en dan aan die bokant kerf nie, want jou werk aan die onderkant sal op die sand val. Jy moet bo begin en ondertoe werk.

PAUSE 00’05’’

Van die begin af het ek geweet ek moet my sandbeelde ver genoeg van die see af bou, anders sou dit wegspoel. Oor die jare was wind egter altyd my grootste vyand. ’n Beeld waai sommer maklik om by die see. Ek hou daarvan om in die son te wees en sorg dat ek sonskerm en ’n hoed dra. Ek werk soveel moontlik onder ’n sambreel. Die beste dag om te werk is op ’n bewolkte dag, wanneer dit koel is. ’n Bietjie motreën doen ook niks aan my sandbeelde nie, maar harde reën kan dit vernietig.

www.xtrapapers.com



Gewoonlik doen ek die sandkuns vir die pret. En verniet. Ek vra net geld as iemand vir my vra om iets spesiaals te maak. Ek het al vir groot ondernemings sandbeelde geskep. Vir ’n motoronderneming het ek die binnekant van ’n motorenjin gemaak. Dan gebruik ek nie seesand nie. Jy mag mos nie seesand wegdra om te gebruik nie en jy mag ook nie vreemde sand na die strand neem nie. Dan gebruik ek bousand (wat eintlik riviersand is) en baie beter as seesand is. Seesand het nie klei in nie. Bousand is dus die beste.

PAUSE 00’05’’

Ek is in die somer elke dag op die strand, behalwe Maandae, dan rus ek. Onlangs het ek aan die kop van ’n dinosourus begin werk. Mense wil gedurig aan hierdie kunswerk raak, daarom het ek ’n teken wat sê moenie aan my dinosourus raak nie!

Mense vra gereeld hoe lank dit my neem om ’n sandbeeld te voltooi. As ek R5 gehad het vir elke keer wat ek hierdie vraag gevra is die afgelope 20 jaar, het ek nou in ’n paleis gewoon! **

PAUSE 00’05’’

**M** Jy sal die praatjie nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 3

SIGNAL

**M** **Oefening 2**

Mike praat met Thembi. Sy bestudeer vlieë.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

* SIGNAL

**M** Thembi, jy is ’n dipteroloog. Dít moet jy vir my verduidelik ...

**V** Ja, ek het een van daardie beroepe waarvan byna geen mens op aarde weet nie. Mense frons as ek sê ek is ’n dipteroloog. Ek werk met vlieë, antwoord ek dan. As ek verder verduidelik dit beteken ek vang en doen navorsing oor vlieë, frons hulle nog meer. “Hoekom vlieë?” is die vraag wat ek seker die meeste kry. Ek verstaan daardie onkunde, want vir die mens is ’n vlieg niks meer as ’n zoemende pes wat dadelik met Doom gespuit moet word nie. Almal dink die enigste goeie vlieg wat jy kry, is ’n dooie vlieg. ’n Vlieg het mos geen doel op aarde nie, is ook iets wat ek gereeld hoor. Hierdie insek speel egter ’n groot rol in die ekostelsel; soos alles in die natuur het vlieë ook ’n doel, selfs al dink mense dit is eintlik ’n pes.

PAUSE 00’05’’

www.xtrapapers.com



**M** Vertel my 'n bietjie van jou agtergrond.

**V** Ná skool het ek insekte bestudeer en toe by 'n museum in Pietermaritzburg begin werk. Dit was die enigste museum in Suid-Afrika wat navorsing oor vlieë gedoen het. Daar was toe so 200 000 vlieë in hul versameling. En dit is waar die gogga my gebyt het. Of moet ek sê vlieg? Werk in hierdie veld is skaars en in Suid-Afrika is daar net sowat 10 van ons wat in vlieë spesialiseer. Vanaf 2016 werk ek by 'n museum in Bloemfontein, met vlieë as my spesialisveld. Hierdie museum het intussen ook vlieë begin versamel, en het vandag ongeveer 250 000. En dit is alles versamel binne net 10 jaar, wat nogal 'n prestasie is!

**M** Wat is die beste manier om vlieë te vang? Hulle is darem blitsvinnig!

**V** Ons stel 'n vangstrik van fyn gaas op. Wanneer die vlieg daarin vasvlieg, beland hy in 'n bottel met 'n mengsel van 96% alkohol, waarna hy binne oomblikke vrek. Die alkohol preserveer ook sy DNA. Dis interessant dat wanneer mense gaan kamp hulle sommer daardie Doom-bottel kan uithaal en die vlieë in hulle tent of karavaan spuit. Wanneer dipteroloë vlieë vang, moet ons eers 'n permit daarvoor kry!

**M** Dis ironies!

PAUSE 00'10''

**M** Watter soort mense is dipteroloë eintlik?

**V** Dit is in ons gene om dinge te wil versamel. Jy kan enige van ons vra, en ons sal vir jou sê dat ons van skooldae af die een of ander ding versamel. Dinge soos klippe, seëls, muntstukke of wat ook al. Solank jy kan versamel, is jy tevrede. Ekself het spinnekoppe en akkedisse versamel.

**M** Ek wonder altyd hoekom 'n vlieg so lief is vir jou kombuis.

**V** 'n Kombuis tik al die regte boksies vir 'n vlieg se instink: hy identifiseer die kos op die tafel as voedsel en as iets in die natuur wat hy moet help afbreek. Vlieë help dus uiteindelik om die aarde skoon te hou.

**M** Watter ander nut het vlieë? Pla hulle jou dan glad nie?

**V** Sommige plante kan net deur vlieë bestuif word en nie deur bye nie. Die kakaoplant is een van hulle. Sonder vlieë sou ons nie sjokolade gehad het nie. En in jou tuin sorg hulle dat jy pragtige blomme het. Ja, mense besef nie dat vlieë net so 'n belangrike rol as bye in die bestuiwing van blomme en plante speel nie. Mense moet daarom meer oopkop oor vlieë dink. En nee, vlieë pla my nie. Dit sal my wel pla wanneer daar nie meer vlieë in die natuur is nie. **

PAUSE 00'05''

**M** Jy sal die gesprek nou weer 'n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00'20''

www.xtrapapers.com



**TRACK 4**

SIGNAL

**M** **Oefening 3**

Yasmin gesels met Eben, ’n ervare branderplankryer.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**V** Hallo, Eben, ek is baie bly ons kan op die strand gesels. Dis soveel beter as ’n plek in ’n winkelsentrum.

**M** Môre, Yasmin. Ja, dis so ’n heerlike oggend. Ek wag vir die gety om in te kom.

**V** Jy ken dié strand en see seker soos die palm van jou hand. Hoe oud was jy toe jy hier in die branders begin baljaar het?

**M** Ek het al op sesjarige ouderdom saam met die ouer seuns met my lyfplank see toe gekom, want ek kon nog nie op ’n branderplank staan nie. Van toe af het ek soveel tyd as moontlik in die branders deurgebring. Vier jaar gelede, toe ek 17 was, het ek die wêreldtitel vir junior branderplankryers verower. Verlede jaar was ek derde in Portugal toe ek om die senior wêreldtitel meegeding het, maar ek hoop om daardie titel in die toekoms te wen.

PAUSE 00’10’’

**V** En waar oefen jy om so goed branderplank te kan ry?

**M** Daar is 384 plekke op ’n lys waar jy aan ons lang Suid-Afrikaanse kus die branders kan aanpak. Muizenberg, by Kaapstad, se strand is ’n goeie voorbeeld van ’n veilige sandstrand met ’n skoon sandoppervlak. Gaan kyk maar op ‘n Saterdagoggend hoe baie mense daar is wat probeer om hul balans op ‘n branderplank te hou.

**V** Watter ander strande is gewild?

**M** Jeffreysbaai langs die Oos-Kaapse kus is wêreldbekend vir branderplankry. Vir vlieërplankry is Langebaan aan die Weskus ’n goeie plek. Dit is moeiliker as branderplankry.

**V** Sjoe, Langebaan se seewater is darem só koud!

**M** Ja, die water daar is baie koud, maar met my duikpak aan, voel ek nie die koue nie. En as ’n mens in diep water wil baljaar, en nie net naby die strand ’n brander wil vang terwyl jy op ’n lyfplank lê nie, moet jy beslis as kind swemlesse kry. Jy moet gewoond raak aan die seestrome, getye en rotse.

**V** Daarom vra dit seker ook baie van ouers as hul kinders aan jou soort sport wil deelneem?

www.xtrapapers.com



**M** Ja, beslis. Dis nie altyd maklik om kinders by die see te kry en te kom haal as mense nie baie naby woon nie. Ek is hier gebore en my ouers woon nog altyd hier. Toe ek baie jonger was, moes my ma my tydens vakansies en naweke by die see aflaai, en in die middag kom haal.

PAUSE 00’10”

**V** Het jy enige slegte ervarings in die see gehad?

**M** My slegste ervaring was toe ek in Chili, Suid-Amerika was. ’n Reusebrander het my teen rotse geslaan, en ek moes steke in my kop kry. Ek het die brander onderskat en was nie voorbereid op die krag daarvan nie.

**V** Vir my lyk dit op video’s baie gevaarlik as daardie reusebranders aangerol kom na branderplankryers toe.

**M** Eintlik is dit vir my baie opwindend, anders sou ek seker nie aangehou het met my sport nie. ’n Mens moet die spoed van die branders gebruik om jou uit die water te lig.

**V** Watter ander riglyne moet mense wat watersport beoefen altyd in gedagte hou?

**M** Dis baie belangrik om die see altyd met respek te behandel, en jy moet voorbereid wees op sy gevare. **

PAUSE 00’10”

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20”

TRACK 5

SIGNAL

**M** **Oefening 4**

Anna praat met Willie, ’n kunstenaar wat vlieërs ontwerp en maak.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’30”

*** SIGNAL**

**V** Welkom in die ateljee van Radio Vandag, Willie. Een van my vriende is mal oor vlieërs, en hy het my verlede week sy vlieërs wat jy gemaak het gewys. Ek is stomgeslaan deur die ontwerpe en kleurrykheid van die vlieërs wat ek ook op jou webwerf gesien het.

**M** Anna, ek weet mense doen nou byna alles aanlyn. Nou ja, ek dink ek pas darem nog in hierdie nuwe wêreld, want my vlieërs is mos elkeen ook *aan ’n lyn*. My doel met elke vlieër wat ek ontwerp, is dat dit uniek moet wees.

www.xtrapapers.com



**V** Maak jy nét vlieërs? Jy het mos ook ’n winkel in Noordhoek waar ’n mens kan gaan rondkyk, en vlieërs koop.

**M** Ek maak ook hangmatte en kledingstukke, maar my spesialiteit is vlieërs, en kleur is my ding. Mense het al gesê my winkel lyk soos ’n sirkus op ’n vaal vlakte, oor die kleurvolle vlieërs en vlae. Verder het my vlieërs almal interessante vorms, byvoorbeeld seekatte, haaie en jellievisse, of hulle lyk soos vlae en soos vere. My bekendste vlieër lyk soos ’n draak met ’n baie lang stert. Op plaaslike en oorsese feeste wil almal altyd my draakvlieër sien.

**V** Ja ek het hom gesien, hy’s pragtig!

PAUSE 00’10’’

**V** Hoe lank ontwerp en maak jy al vlieërs?

**M** Ek het in 1976 begin ontwerp maar eers later begin om my vlieërs te verkoop. Oor die afgelope 32 jaar het ek derduisende vlieërs verkoop. Die eerste vlieërs wat ek verkoop het, was van katoen gemaak. Daarna het valskermmateriaal van nylon gekom wat sterker en ligter is. Dit skep meer moontlikhede as in die verlede. Ek het onlangs ’n rekord opgestel. Ek het ’n vlieër in die vorm van ’n boog gemaak waaraan 500 kleiner vlieërs vasgemaak is. Dit is die grootste vlieër van sy soort.

**V** Dit lyk of daar nooit ’n einde aan jou idees gaan wees nie! Vertel my meer van die vlieërkultuur in die Ooste.

**M** Ek is al dikwels na feeste in China genooi, maar mense oor die hele Asië, bv. lande soos Indië, Nepal, Viëtnam en die eiland Bali is vlieërmal. Hulle maak veral tweelynvlieërs. Vlieg met hierdie soort vlieërs het ’n sport geword omdat dit koördinasie toets, wat dit ’n groter uitdaging maak as gewone vlieërs.

PAUSE 00’10’’

**V** Om watter ander redes, dink jy, is vlieërvlieg so gewild in die Ooste?

**M** Mense daar werk soms ’n maand lank opryslande. Daarna moet hulle ’n ruk lank gereeld ’n vlieër vlieg om hul postuur weer reg te kry, want hulle moet so lank elke dag net buk en regopstaan, buk en regopstaan.

**V** Ek leer vandag van ’n onderwerp waarvan ek min geweet het. Waar het jy nog gevlieg, Willie?

**M** Ek was al in Edenburg, Skotland, het oor Stonehenge in Engeland gevlieg, en ek was ook in Nieu-Seeland.

**V** En in ons land?

**M** Ek het ’n treinvlieër by die Nasionale Kunstefees in Makhanda in die Oos-Kaap gevlieg. Daar het ek 30 vlieërs aan mekaar vasgemaak en een na die ander laat opstyg.

**V** Dis ongelooflik dat jy so iets regkry! Jy is seker baie bekend in die omgewing waar jy woon?

**M** Mense wat hier in Noordhoek woon, sê altyd hulle voel tuis as hulle een van my vlieërs in die lug sien. Ek het baie klante wat vir my kom dankie sê daarvoor dat my vlieërs hulle soveel plesier gee.

**V** Ek gaan so gou moontlik ‘n draai maak by jou vlieërwinkel, Willie.

**M** Baie dankie dat jy my genooi het om op jou program te praat. Dalk kry ek nou nuwe kopers. **

www.xtrapapers.com



PAUSE 00’10’’

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’30’’

**SIGNAL**

**M** Dit is die einde van die toets.

**E** This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge Assessment. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2022 